

# Pretoriana



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA  
PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING

JOURNAL OF THE OLD PRETORIA SOCIETY  
PRETORIA HISTORICAL SOCIETY

Prys R 3,00 Price

**LYS VAN BESTUURSLEDE VAN DIE  
HISTORIESE VERENIGING VAN PRETORIA  
GENOOTSKAP OUD-PRETORIA OP 1 OKTOBER 1985**

Dr. N.A. Coetzee	voorsitter
Mnr. W.J. Punt	ondervoorsitter, bewaring van geboue
S. de K. Venter	verteenwoordiger van die Stadsraad van Pretoria
Mev. M. Andrews	organisasie van toere
Mnr. T.E. Andrews	Nuusbrief
Mev. A. Dreyer	argief
Mev. S. Jacobs	skooltuine
Dr. C. de Jong	redaksie van Pretoriana
Mnr. N. Lemmer	waaksaamheid
Mnr. M. van Niekerk	omgewingsbewaring
Prof. H.J. Petrick	bewaring van begraafplase
Mev. H. Smith	penningmeesteresse
Mnr. R. Tomlinson	forte
Mev. I. Vermaak	assistent-sekretaresse
Mev. M.L. Willmer	sekretaresse

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.

***PRETORIANA* – AFRICANA**

Aanbod van uitgawes van *Pretoriana* van vroeë en onlangse datum

Hoeveel geskiedenisboeke kan U vir R20,00 koop?

Miskien een, wat bestaan uit nog nie eens 200 bladsye nie.

Hoeveel Africana-boeke kan U vir R20,00 koop?

Waarskynlik nie eers een nie.

Hoeveel *Pretoriana*'s kan U vir R20,00 koop?

Tenminste 80 uitgawes met meer as 2500 bladsye propvol met geskiedenis, foto's belangrike data en kostelike stories.

Daar is stelle *Pretoriana*'s met uitgawes vanaf die vroeë jare vyftig, by die Genootskap beskikbaar. Skryf 'n briefie aan Anton Jansen, Posbus 33704, Glenstantia 0010, Pretoria, of nog makliker, skakel sy kantoor nommer 70 6456 of na kantoortyd 47 5838 om 'n stel *Pretoriana*'s te bestel.

Afsonderlike nommers is ook beskikbaar VANAF R0,50 per eksemplaar.

## INHOUDSOPGAWE / TABLE OF CONTENTS

	bladsy / page
Van die Redaksie	2
From the Editor	3
<i>C. de Jong</i> , Die familiebybel van Paul Kruger geveil	4
<i>N.A. Coetzee</i> , Resultaat van die Skooltuinekompetisie in die distrik Pretoria 1984	5
<i>C. de Jong</i> , The home front at Pretoria during the War of 1899-1902	6
<i>J. Ploeger</i> , Hulp aan behoeftiges in Pretoria in oorlogstyd (1900-1902)	8
<i>J. Wolterbeek</i> , The history of the Hartebeespoort Observatory and its telescopes	19
<i>C. de Jong</i> , Herdenking van die Slag by Donkerhoek, Junie 1985	26
<i>C.L. Viljoen</i> , Toespraak by die onthulling van bronsplaat by Donkerhoek 8 Junie 1985	27
<i>Robert Cornelis de Jong</i> , Samevatting van: "Die Kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders, met besondere aandag aan die 'Nederlandsche Vereeniging', 1890-1918"	36
<i>Robert Cornelis de Jong</i> , Summary of: "The cultural life of the Netherlanders in Pretoria, with special attention to the 'Nederlandsche Vereeniging', 1890-1918"	37
<i>C. de Jong</i> , Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (3), Die NZASM-lokomotief en -rytuig op die Pretoriase hoofstasie	39
<i>C. de Jong</i> , Gedenktekens vir minder bekende persone in en om Pretoria (2), Bespreking van: J.W. Meijer, "Dr. H.J. Coster, 1865-1899", MA-verhandeling UNISA, Pretoria 1983	41
<i>Arnold Kretzmar</i> , Little did President Kruger know ..... The first motorcar in Pretoria, 1897	45
<i>N.A. Coetzee</i> , John Johnston Kirkness	49
<i>C. de Jong</i> , Ou kareeboom herinner aan Transvaalse burgeroorlog	56
<i>G.R. Mulder</i> , Die geskiedkundige ou kareeboom	57
<i>T.A. Andrews</i> , The Old Cemetary in Pretoria (3)	58
	1

## VAN DIE REDAKSIE

As vervolg van Dr. N.A. Coetzee se artikel oor sy herontdekking van Paul Kruger se familiebybel in Pretoria lig die redakteur die lesers in oor die nuwe eienaar van hierdie waardevolle boek ná die veiling daarvan. — Dr. Coetzee deel die uitslag van die skooltuinwedstryd in 1984 mee. — Twee skrywers werp lig op die tuisfront in Pretoria tydens die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902: Mevrou Bridget Theron het 'n Magistersverhandeling oor die lewe in ons stad tot die Britse besetting op 5 Junie 1900 geskryf; ek beveel die lees van haar belangwekkende werk graag aan; Kol. Dr. J. Ploeger publiseer in ons tydskrif 'n artikel oor die verskaffing van voedsel en werk aan Pretorianers onder die Britse besetting.

Mnr. J. Wolterbeek, senior lektor in sterrekunde aan die Universiteit van Suid-Afrika, bied 'n bydrae oor die sterrewag op die plaas Broederstroom aan die Hartbeespoortdam aan, waar die Nasionale Opelugmuseum sal verrys. Daar is 'n gepaste aanleiding om sy bydrae op te neem: die sterrewag sal in 1986 talle besoekers uit Suid-Afrika en die buiteland ontvang wat die komeet van Halley wil waarneem. Die naburige woonhuis van Gustav Preller op Pelindaba heet ook „Sterrewag”.

Op 8 Junie 1985 is 'n gedenkplaat van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) by die Britse militêre begraafplaas by Donkerhoek onthul ter herdenking van die groot slag wat op 11 en 12 Junie 1900 daar gelewer is. Die onthulling is verrig deur Weermag-generaal C.L. Viljoen; sy toespraak is in hierdie uitgawe afgedruk. Digby die gedenkplaat is 'n maket van die slagveld geplaas; dit is in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum vervaardig. Dit was 'n stylvolle plegtigheid.

Mnr. Arnold Kretzmar het in *Pretoria News* van 15 Februarie 1984 'n artikel oor die eerste motorvoertuig te Pretoria in 1897 geplaas. Hierdie feit is van historiese betekenis; daarom is sy artikel hier heropgeneem.

Die bydrae deur Dr. N.A. Coetzee oor Mnr. John J. Kirkness, steenfabrikant en vooraanstaande sakeman in ons stad, wat in *Pretoriana* No. 86, Desember 1984, verskyn het, is in Engels vertaal en hier herplaas.

Robert C. de Jong het in 1981 'n Magistersverhandeling geskryf oor die Pretoriase Nederlanders in 1890-1918 en hul groot bydrae tot die kultuurlewe in hierdie stad. Sy werk is slegs in 'n klein aantal eksemplare beskikbaar; daarom word in hierdie uitgawe die samevattinge in Afrikaans en in Engels opgeneem.

Ter herinnering aan die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) verwys die redakteur na die lokomotief en rytuig van dié maatskappy in die hoofstasie te Pretoria. — Daarna volg 'n bespreking van Mnr. J.W. Meijer se Magistersverhandeling oor Herman J. Coster en 'n aantekening deur Mnr. G.R. Mulder oor die ou kareboom by Silkaatsnek, waar in 1864 'n nasionale versoening plaasgevind het. — Uit die brosjure *Pioneer Sketches* wat deur Mnr. T.E. Andrews oor persone in die Ou Begraafplaas begrawe saamgestel en uitgegee is, tref die leser aantekeninge oor sommige van hulle aan die einde van *Pretoriana* No. 88 aan.

## FROM THE EDITOR

As a sequel to Dr. N.A. Coetzee's article about his rediscovery of Paul Kruger's family bible in Pretoria the Editor informs the readers on the new owner of this valuable book after its auctioning. — Dr. Coetzee gives the results of the school garden competition of 1984. — Two authors shed light on the home front at Pretoria during the Second Anglo-Boer War 1899-1902: Mrs. Bridget Theron has written a Master's thesis about life in our town up to the British occupation on 5 June 1900; I recommend her very interesting work with pleasure. Col. Dr. J. Ploeger publishes in this issue of *Pretoriana* an article on the provision of food and employment to Pretorians during the British occupation.

Mr. J. Wolterbeek, senior lecturer in astronomy in the University of South Africa, offers a contribution on the observatory at the farm Broederstroom at Hartbeespoortdam, where the National Open Air Museum will be built. There is a good reason for the publication of his article, for the observatory will receive in 1986 many visitors from South Africa and abroad to observe Halley's Comet.

On 8 June 1985 a memorial plaque of the National Monuments Council was unveiled close to the British military cemetery at Diamond Hill to commemorate the great battle waged there on 11 and 12 June 1900. The unveiling was performed by Defence Force-general C.L. Viljoen. His speech is printed in this journal in full. Close to the plaque a maquette of the battlefield has been placed; it was made in the National Cultural History and Open Air Museum. It was a solemn meeting.

Mr. Arnold Kretzmar published an article on the first motorcar at Pretoria in 1897, in *Pretoria News* of 15 February 1984. This is a fact of some historical importance; therefore his article is reprinted in this issue. — Dr. N.A. Coetzee's paper on Mr. John J. Kirkness, brick manufacturer and prominent businessman in our town, published in *Pretoriana* Nr. 86, December 1984, has been translated into English and appears in this issue. — Mr. Robert C. de Jong wrote in 1981 a Master's thesis on the Pretorian Dutch 1890-1918 and their considerable contribution to cultural life in this town; his work is only available in a limited number of copies; therefore the summaries of his work in Afrikaans and English are reprinted here.

To remind the Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM) the Editor refers to the locomotive and carriage of this company in the main station at Pretoria. — Thereafter he reviews Mr. J.W. Meijer's Master's thesis on Herman J. Coster, a good work. He adds a note by Mr. G.R. Mulder on the old karee tree at Silkaatsnek where a national reconciliation took place in 1864. — From Mr. T.E. Andrews' *Pioneer Sketches* on persons who were buried in the Old Cemetery, some are borrowed and reprinted at the end of this issue, *Pretoriana* Nr. 88.

## DIE FAMILIEBYBEL VAN PAUL KRUGER GEVEIL

In *Pretoriana* No. 86 van Desember 1984, p. 4-8, het Dr. N.A. Coetzee berig dat die familiebybel van die latere Staatspresident S.J.P. Kruger op sy plaas Boekenhoutfontein by Rustenburg bewaar is en dat Britse soldate dit in April 1902 in die stat van hoofman Magata buitgemaak en na Engeland saamgeneem het. Nakomelinge van die Britse eienaar daarvan, lord Harmsworth, het die Bybel in 1949 deur die bekende kunshandel Sotheby in Londen laat veil. Die kosbare boek is gekooi deur die antkwariaat Israel & Kie te Amsterdam. Hy het die boek verkoop aan 'n Nederlander wat na Suid-Afrika geëmi-greer het. Dr. N.A. Coetzee het einde 1984 die Bybel by sy seun in Pretoria opgespoor en dit by hom besigtig. Die seun, 'n oud-Nederlander, het die Bybel op 7 Februarie 1985 weer laat opveil, toe deur 'n filiaal van Sotheby in Johannesburg. Die South African Press Association het daaroor in die *South African Digest* van 15 Februarie 1985 die volgende berig:

„Kruger Bible fetches R18 000

President Paul Kruger's family Bible has been sold for R18 000 at an auction in Johannesburg. The buyer was Dr. A. Shapiro, a wellknown figure in Johannesburg auction houses. The Bible was presented to President Kruger in 1864 by A.K. Hohls, a member of the Hermannsburg Missionary Society, according to the auction house. It was taken for safekeeping to Magatostad, a tribal village near President Kruger's son's home in the Rustenburg district during the Anglo-Boer War 1899-1902. It was found by a British soldier and taken to England, where it went into the collection of Sir Leicester Harmsworth.

Sir Leicester's library was sold in 1949 and the Bible passed into the hands of a dealer. In 1951 it was bought from the firm by the previous owner's father.”

Sotheby in Johannesburg het Dr. Coetzee meegedeel dat die adres van die koper is: Dr. Alishai Shapiro, 1805 High Rise, Primrose Terrace, Berea, Johannesburg. Die verkoper van die Bybel wil onbekend bly.

C. de Jong

## RESULTAAT VAN DIE SKOOLTUINEKOMPETISIE IN DIE DISTRIK PRETORIA 1984

Historiese Vereniging van Pretoria – Genootskap Oud-Pretoria  
Pretoria, 11 Februarie 1985

Aan die Hoofde van Laerskole in Pretoria

Geagte Meneer,

U word van harte bedank vir u deelname in die Genootskap Oud-Pretoria se Skooltuine-kompetisie vir die Skoolraadsdistrik Pretoria. Die uitslag is soos volg deur Mnr. J.E. Repton beoordeel.

1984

1e prys	Skild	Rachel de Beer	Pretoria-Noord
2e prys	Skild	Fleur	Lyttelton Manor
3de prys	beker	Mayville	Mayville
4de prys	beker	Wonderboom	Annlin
5de prys	beker	Die Poort	Kameeldrif
6de prys	Voorpos		Waverley

Hierdie skole word van harte gelukkigewens en die skole wat nie pryse verower het nie word baie bedank vir die wedywering wat hulle help bevorder het. Ons hoop vir die beste vir die toekoms.

Die pryswennende skole word versoek om op een of ander stadium 'n funksie te hou waar die prys voor die kinders in die skoolsaal oorhandig kan word. By so 'n geleentheid sal die Genootskap Oud-Pretoria graag verteenwoordig wil wees, en sal 'n paar woorde aan die kinders en personeel gerig word.

Die pryswennende skole word versoek om self die skild of beker te laat haal by die skole waar dit op die oomblik gehou word. Bel die skool en maak 'n reëling om die skild of beker te laat aflewer of te laat haal. Vir hierdie reëling word hier die pryswenners vir die vorige twee jaar aangegee, waar die beker nog moet wees of die skild nog gehou word, afhangende of daar in die vorige jare 'n funksie gehou was.

1982

1983

1e Prys	Skild	Laerskool	Derdepoort	Laerskool	Die Poort
2e "	Skild	Laerskool	Monument Park	Laerskool	Derdepoort Jan Niemand
3e "	Beker	Laerskool	Stephanus Roos	Laerskool	Lynnwood Ridge
4e "	Beker	Laerskool	Wonderboom	Laerskool	Fleur
5e "	Beker	Laerskool	Valhalla	Laerskool	Kwaggasrand
6e "	Beker	Laerskool	Skuilkrans, Murrayfield	Laerskool	Voorpos

Die Genootskap sal dit baie waardeer as die skole self die trofee in die hande sal kry, en as daar probleme is my sal opbel by 463142 Pretoria.

Ook word die pryswennende skole versoek om die graving op die trofee self en teen eie koste te laat aanbring.

Om die Genootskap se voorsitter te skakel vir die funksie wat vir die oorhandiging gereël word, moet u 463142 Pretoria skakel.

Hoogagting die uwe  
dr. N.A. Coetzee Voorsitter

## THE HOME FRONT AT PRETORIA DURING THE WAR OF 1899-1902

In war records the military operations usually draw most of the space, more than the activities behind the front line at the home front. Nevertheless these activities deserve much attention because generally the military operations are affected by the situation behind the lines, such as the provision of arms, ammunition, food, clothes and medical care and the morale of the non-combatant population.

There are a few publications about the home front in the British colonies and the Boer republics in South Africa during the Second Anglo-Boer War of 1899-1902, but much remains to be researched and published. I feel pleased that I can offer here a review of the recent Master's thesis by Mrs. Bridget Theron on Pretoria during the War before the British occupation of 5 June 1900, and a paper by Col. Dr. J. Ploeger on the provision of food and employment to the population of Pretoria during the British occupation.

Both treatises are well-documented and are valuable contributions. They depict in lively style the atmosphere of a town in a country at war, as one can read in great war novels, such as Margaret Mitchell's *Gone with the Wind* on the Civil War in the United States 1861-65, and as I felt it in different countries in World War II: the approach of the war, week after week, as an inexorable disaster, the mobilization of the army, the departure of most able-bodied men from the offices, factories and shops to the front, the gradually increasing scarcity of food, clothes and most necessities of life, the rise in prices, the daily casualty lists, the arrival of wounded soldiers and prisoners of war, the daily good or bad news from the front, the rumours caused by the hiding of bad news by the official reports, the suspicion against people born in enemy country, the growing tension and despair when the enemy approaches the town closer; week after week, and droves of fugitives arrive, the fighting around the town, the surrender of the town and triumphal entering of the enemy army, the solemn replacement of the beloved national flag with the enemy flag upon most of the buildings. Then ensue the years of enemy occupation with the multitude of foreign soldiers in the streets and shops, harsh



measures, stricter curfew, the queues for purchase of food, soap, candles and other scarce necessities, wild rumours about the war operations and treason, the bitterness against collaborators with the enemy, the conspiracies against the enemy, the escapes or arrests of suspected compatriots, their condemnation and execution by the enemy and the general feeling of defeat and humiliation.

The destruction and misery, caused by the British occupation of Pretoria in 1900-1902 are far exceeded by those in many towns during the two World Wars in other continents, but to the Pretorians they were nevertheless very trying.

C. de Jong, editor

Review of: Bridget Mary Theron, *A social history of Pretoria during the first phase of the Anglo-Boer War : October 1899 – June 1900*, Master's thesis, University of South Africa, November 1984, 304 pp.

Mrs. Theron gives a detailed and lively survey of commerce, industry and banking, schools and church activities, health care and hospitals for soldiers and civilians, social life and amusement, community services such as sanitation and fire brigades, and amenities, prisoners of war, the experiences of some notable persons and finally the reaction of Pretorians to the approach of the British army and the occupation of the town on 5 June 1900. The account ends with the despairing note of a young English-speaking pro-Boer lady in her diary on 5 June: 'It is all over. Pretoria belongs to England'.

Mrs. Theron's record of the activities and feelings of Pretoria people before the occupation is well written. One of her most interesting chapters is, in my opinion, that on social classes and life on the eve of the war and her remarks on the urbanized descendants of the Afrikaner Voortrekkers and the foreigners, mainly of British or Dutch descent. I recommend with pleasure the reading of her work.

Introduction to: Col. Dr. J. Ploeger, "Aid to indigent people at Pretoria in wartime 1900-1902".

Colonel Dr. Jan Ploeger was military historian of the South African forces and State historian and he is writing a great work in several volumes on the home front during the war in 1899-1902, *inter alia* on the concentration camps for white and non-white people. In the following paper he deals with the distribution of food and other necessities and the provision of employment to needy Pretorians under the British occupation. Many people, even well-to-do persons, had no more income and became dependent on help from the authorities.

It would be interesting for a dietician to ascertain to what extent the rations issued to the Pretorians, as stated by Dr. Ploeger, were sufficient for the upkeep of health. He refers to the understandable fear among fugitives in Pretoria of being sent to concentration camps outside the capital, which camps had a bad reputation because of the high mortality. They refused work and thereby lost their rations rather than being sent to the camps.

Dr. Ploeger's article is a concrete piece of information on circumstances in occupied Pretoria.

In Dr. Ploeger's paper persons below the age of 10 or 15 years are indicated with -10 or -15, persons of the age of 10 or 15 years and older are indicated with +10 or +15.

# HULP AAN BEHOEFTIGES TE PRETORIA IN OORLOGSTYD (1900 – 1902)

deur Kol. Dr. Jan Ploeger

## INLEIDING

In die tot hede ongepubliseerde proefskrif van dr. H.M. Buys: *Militêre regering in Transvaal, 1900–1902* (U P 1972), kom 'n aantal gegewens voor in verband met hulp wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog aan behoeftiges te Pretoria verleen is. Tot vandag toe is slegs by wyse van uitsondering aandag aan hierdie besondere aspek van ons stad se geskiedenis gewy. Volgens die skrywer is dit 'n belangrike leemte in ons kennis. Op grond van hierdie oortuiging volg hier 'n aantal aanvullende gegewens wat geen aanspraak maak op volledigheid nie, maar niteenstaande hierdie tekortkoming tog van nut mag wees.

### 1. Hulpverlening voor die Britse besetting van Pretoria en kort daarna

Tydens hierdie periode het die owerhede van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n landsomvattende organisasie, bekend as die **Proviant Kommissie**, in die lewe geroep om sowel vir voedselaankope as vir die verspreiding daarvan onder diensdoende burgers en hulle afhanklikes en ander behoeftiges te sorg.

Tewens was daar, voor en ten tye van die Britse militêre besetting van Pretoria, 'n ondersteuningskomitee in die hoofstad werksaam. Die dorp was in 14 wyke verdeel en vir elke wyk was 'n tweetal dames verantwoordelik om gevalle van behoeftigheid na te gaan en verligting te probeer bring. O.m. was mev. (maj) P.E. Erasmus, P. Maré, (ds) Goddefroy, Hollard, N. Mansvelt, burgemeester Potgieter se eggenote, mev. P. Postma en mev. T. Beckett lede van hierdie organisasie, waarna in Engelse bronne verwys is as die **Pretoria Benevolent Society**, terwyl die amptelike benaming vanouds **Gouvernements Ondersteunings Kommissie Pretoria** was.

Na die besetting van die hoofstad was hierdie kommissie gemagtig om goedere by die Britse Direkteur van Voorrade aan te vra<sup>1</sup>. Hierdie organisasie het met Britse hulp tot 26.10.1900 met sy werksaamhede voortgegaan. Op dié datum het kaarte wat aan behoeftiges verstrekkend was, verval<sup>2</sup>.

### 2. Die 'Government Relief Committee'

Na die Britse gesagsoorname te Pretoria en die daaraan voorafgaande plundering van goewermentsvoorradskure, gepaardgaande met die afsnyding van die spoorwegverbinding met Delagoabaai en die lang Britse verbindingslyne na oop hawens, was die voedseltoestand in Pretoria vermoedelik redelik kritiek. Dit was ook 'n moeilike taak om 'n vinnige verbetering in die bevoorrading te bring omdat militêre bevoorrading voorkeur in oorlogstyd geniet het en die vervoermoontlikhede van voorrade per trein beperk was as gevolg van die dravermoë van die spoorwegnet. Aanvalle deur Boere op die spoor-

lyne het ook van tyd tot tyd ontwrigting meegebring. Bowedien het Pretoria se bevolking deur die aankoms van plattelandse vlugteling te egeneem<sup>3</sup>.

Omstreeks 20.6.1900 het die **Government Relief Committee** te Pretoria tot stand gekom<sup>4</sup>. Hierdie komitee wat oor 'n kantoor in die voormalige Hooggeregshofgebou in Bureauaan beskik het, was soos volg saamgestel: Kapt. burggraaf Milton (voorsitter), adv. W.E. Hollard, H. Bosch, E.P.A. Meintjes, Ir. M.E. de Wildt en G.J. Roosegaarde Bisschop (sekretaris)<sup>5</sup>. Hierdie nuwe organisasie, wat ten behoewe van behoeftiges te Pretoria in die lewe groep is, het op 30.6.1900 sy eerste uitdeling gereël<sup>6</sup>.

### 3. Omvang van die werksaamhede

Op 30.6.1900 is voorrade vir 3 dae aan 280 gesinne, m.a.w. aan 1 120 persone, uitgedeel. Op 4.7.1900 was daar 582 gesinne (2 325 persone) wat vir ondersteuning in aanmerking gekom het. Hierdie syfers het op 13.10.1900 tot onderskeidelik 710 en 2 884 gestyg<sup>7</sup>.

Gedurende dié tydperk is die volgende lewensmiddels aan volwassenes en die helfte aan kinders (— 10) uitgedeel: Vleis  $\frac{3}{4}$  pond per dag; meelblom 1 pond per dag; koffie  $\frac{1}{2}$  ons per dag; suiker 2 ons per dag, sout  $\frac{1}{2}$  ons per dag. Weekliks het elke gesin  $\frac{1}{2}$  sak steenkool ontvang. Op 19.7.1900 het die Direkteur van Voorrade gelas dat meel teen 3d per pond verkoop moet word en vyf dae later is die verkoop van meel gestaak. Koffie en suiker is teen 1/6 en 6d per pond verkoop, maar nadat klein hoeveelhede verkoop is het dié voorsiening ook ten einde geloop.


Aan Swartes is hulp verleen, nl. aan siekes en oues van dae, terwyl die ander te werk gestel is. Sendelinge het mieliemeel, vleis, meelblom, suiker, sout en koffie aan hierdie bevolkingsgroep verstrekk. In totaal is oor 'n onbekende tydperk ongeveer £100 vir hierdie doel uitgegee.

Hierdie toestand het tot 20.11.1900 voortgeduur. Op dié datum het maj. Th. Armstrong op besuiniging aangedring, terwyl tydens 'n vergadering — wat op 24.12.1900 onder voorsitterskap van adv. Hollard gehou is — aan die lig gekom het dat 4 518 persone hulp ontvang. Die Direkteur van Voorrade, mnr. C. Hamilton, was by dié byeenkoms aanwesig<sup>8</sup>.

Op 12.1.1901 het die komitee aan vlugteling, behoeftiges en afhanklikes van persone wat vir die stadsraad gewerk het, rantsoene op verskillende weksdae uitgedeel<sup>9</sup>.

In verband met die voedselvoorsiening aan Pretorianers, wat toestemming van die Direkteur van Voorrade ontvang het om voedsel aan te koop solank die spoorwegvervoer deur Boere-optrede onderbreek was, is op 26.9.1900 aangekondig dat daagliks 1 pond meel vir elke volwassene en kind, maar nie meer as in totaal 7 pond per dag nie, teen 3d per pond by die reeds genoemde voormalige Hooggeregshofgebou aangekoop kon word<sup>10</sup>.

Behalwe dat die G.R.C. met voedselvoorsiening en -verkope belas was, was die organisasie ook van die begin af bedrywig op die gebied van werkverskaffing<sup>11</sup>.



Voedseluitdeling aan die burgerbevolking van Pretoria onder Britse besetting in Junie 1901. Die foto is oorgeneem uit H.W. Wilson, *After Pretoria: The guerilla war*, Volume 2, Londen 1902, p.840. Die onderskrif in H.W. Wilson se boek lui: "How Pretoria was fed: civilians drawing their rations, June 1901".

Die twee geboue op die foto is van die regering en het gestaan aan die westekant van die Andriesstraat. Die straatjie tussen die twee geboue heet die Burolaan. Opvallend is die aantal goedgeklede burgers in die toue wat nietemin as behoeftiges voedsel van die owerheid wil gaan ontvang.

Met dank aan Mnr. T.E. Andrews.

#### 4. Werkverskaffing

Op 21.11.1900 het 'n amptelike kennisgewing in die *Government Gazette* verskyn waarin verpligte registrasie in verband met werkverskaffing aangekondig is<sup>12</sup>. Kapt. J. Puckle wat op dié tydstip as voorsitter van die G.R.C. opgetree het, het dié persone wat sou weier om te registreer, gewaarsku dat hulle hulle rantsone sou verbeur. Siekes moes doktersertifikate bring en vir volwassenes is die volgende weeklikse rantsone beskikbaar gestel: Vleis 6 pond; meelblom 6 pond; meliemeel 2 pond; suiker 1 pond; koffie  $\frac{1}{2}$  pond; sout  $\frac{1}{4}$  pond. Kinders (- 15) was geregtig op die helfte en elke gesin sou  $\frac{1}{2}$  sak steenkool per week ontvang. Mans (+15) wat in goewermentsdiens of vir die stadsraad werk, sou  $\frac{2}{6}$  per dag ontvang.

Op 25.11.1900 is berig dat die registrasiekantoor op 27, 29 en 30.10.1900 geopen sou wees. Alle persone wat hulp ontvang het, was verplig om op dié dae te registreer en verklaar watter werk hulle begeer. Indien daar werk beskikbaar was, dan sou hulle te werk gestel word. In verband met weiering om te registreer of om werk te aanvaar of wanneer hulle deur wangedrag ontslaan sou word, sou dié groepe se ondersteuning erval. Ook is bepaal dat vrouens  $\frac{3}{4}$  van die rantsone vir mans sou ontvang<sup>13</sup>.

#### 5. Hulp aan persone wat nie in Pretoria woon nie

Aan gesinne wat buitekant die dorp gewoon het, kon - na goedkeuring deur die Direkteur van Voorrade - toestemming verleen word om die volgende hoeveelhede lewensmiddels van die dorp na hulle huise te vervoer:

Meel of meelblom 1 pond per dag; vleis 1 pond per dag; koffie  $\frac{2}{3}$  ons per dag; suiker 4 ons per dag; tee  $\frac{1}{3}$  ons per dag; sout  $\frac{1}{2}$  ons per dag; rys 2 ons per dag; konfynt  $\frac{1}{4}$  pond per dag. Kerse en seep kon in redelike hoeveelhede vervoer word, terwyl - in geval daar geen vleis beskikbaar was nie - Swartes 2 pond meel meer as die gewone hoeveelheid kon ontvang.

#### 6. Besonderhede voor die oorskakeling

In Februarie 1901 het die uitgawes wat uit die werksaamhede van die G.R.C. te Pretoria voortgevloei het, onder die rekenpligtige sorg van die pas opgerigte **Burgher Camps Department** geval. Die omvang van die hulpverlening was soos volg wat Pretoria betref:

	Rantsone		Gemiddelde aantal persone per dag	Totale koste
	Volwassenes	Kinders		
Febr. 1901				£5 002 : 6 : 2
Mrt ..	91 147	73 610	5 397	£4 163 : 4 : 6
Apr ..	89 960	34 295	4 141	£3 589 : 1 : 2
Mei ..	71 424	65 131	4 405	£3 968 : 8 : 4 <sup>15</sup>

Uit hierdie oorsig word dit duidelik dat die aantal behoeftiges sterk toeneem het. Om hierdie toestand te beëindig het die Hoofsuptendent van

Burgerkampe besluit om 'n aantal ondersteundes wat nie kon bewys dat hulle in Pretoria moes bly nie, na burgerkampe in hulle distrikte van herkoms te stuur. Op dié wyse sou die aantal aansoeke om hulp beperk word. Die militêre goewerneur van Pretoria, genl.-maj. Maxwell, het hierdie besluit goedgekeur<sup>16</sup>. Op dieselfde dag het genl. Maxwell vir adv. Hollard vir sy voortreflike werk bedank en 'n nuwe stelsel met 'n nuwe komitee in die vooruit sit gestel<sup>17</sup>. Gelyktydig is in die *Government Gazette* in die vorm van goewermentskennisgewing nr. 56, 1901, die nuwe stelsel uiteengesit<sup>18</sup>.

## 7. Die veranderings soos aangekondig op 22.4.1901

In verband met gelykvormigheid is aangekondig dat met ingang van 1.5.1901 goewermentshulp behartig sou word deur 'n nuwe G.R.C. bestaande uit mnre. W.K. Tucker (voorsitter), Fred Lance, W.M. Brown en T.G. Ligertwood (sekretaris). 'n Bestaande dameskomitee sou sy werksaamhede voortsit, rantsoene-uitreiking sou gestaak word, terwyl hulpverlening uitsluitend sou geskied op grond van kaartjies wat deur die nuwe G.R.C. uitgereik sou word. Benodighede sou dan van 'n bepaalde hulpwinkel verkry kon word.

Flugteling sou die dorp moes verlaat, nl. dié wat goewermentsteun ontvang het. Hulle sou na burgerkampe gestuur word met uitsondering van: (a) Eienaars van huise te Pretoria wat dié huise bewoon; (b) Gesertifiseerde siekes en kreupeles; (c) Persone wat munisipale werk verrig; (d) Britse en ander flugteling van ander nasionaliteite.

Werklone vir hulle wat onder beskerming van die G.R.C. werk, sou van 1/6 tot 3/6 per dag wees en hulle wat dié lone sou weier of tydens hulle werk luiheid sou openbaar, sou na burgerkampe gestuur word.

As een van die redes vir hierdie besluite is genoem dat die ou stelsel misbruik is deur persone van allerhande nasionaliteite. Met ingang van 1.5. 1901 sou die nuwe reëling slegs vir gebore of genaturaliseerde Suid-Afrikaners geld<sup>19</sup>.

Meer insig omtrent die vroeëre reëlings is bekombaar uit 'n verslag oor Mei 1901 wat deur Lance en Ligertwood opgestel is<sup>20</sup>. Hulle wys daarop dat dit in die verlede die gewoonte was om aan almal, afgesien van die omstandighede waarin hulle verkeer het, maar wie se name op aanbeveling van die dameskomitee en die stafoffisier wat met die permanente stedelike bevolking en die flugteling te doen gehad het, voedsel te verskaf. Op die tyd-stip waarop die nuwe G.R.C. die leisels oorgeneem het, was die aantal flugteling, werknemers van die Pretoriase stadsraad en die behoefdiges van Pretoria 5 089 volwassenes (+12) en 2 363 kinders. Op grond van die reeds genoemde goewermentskennisgewing is nou die verdeling 'blywers-vertrekendes' ingevoer met dié gevolg dat 'n aantal verteenwoordigers van laasgenoemde groep verkies het om vir hulself te sorg. Die vertrek van ander na die kampe is vertraag as gevolg van gebrek aan tente.

As gevolg van hierdie maatreëls het op 3.6.1901 ongeveer 700 mans, 1 500 vrouens en 2 101 kinders (- 12) nog hulp ontvang teen 'n totale koste van ruim £3 500. Volgens 'n berekening sou elke hulpbehoewende die goewerment 6/- per week kos. Inspekteurs is aangestel om ondersoekwerk te verrig, terwyl na gelang van verdienstes die mate van hulpverlening vasgestel is.

Die nuwe G.R.C. is vanaf 27.8.1901 ook belas met die onderhoud van die persone wat op pad na hulle onderskeie kampe aanvanklik in 'n deurgangskamp, bekend as die **Rest Camp**, gehuisves was. Hierdie kamp was geleë naby die Pretoriase stasie van die Pretoria-Pietersburg-spoorlyn, maar is in die loop van Junie 1901 na 'n nuwe terrein naby Van der Hovensdrif verskuif<sup>2 1</sup>.

## 8. G.R.C.-verslae (Junie – September 1901)

In Junie 1901 is daar as gevolg van 'n tekort aan tente nie veel vordering gemaak met die uitstuur van die tydelike bevolking van Pretoria na burgerkampe in hulle distrikte van herkoms nie. Inspekteurs wat in Mei 1901 aangestel is, het verklarings van hulpbehoewendes gekontroleer en verslae oor onvoldoende sanitêre reëlings en vuil geboue opgestel. Sanitêre aangeleenthede is na die stadsraad van Pretoria verwys.

In dieselfde maand is hulp aan gemiddeld 4 261 persone verleen teen 'n totale koste van £2 231:10:2. Die aantal hulpsoekendes, veral mans, het afgeneem. Siektes, veral masels, kinkhoes en griep, is aangemeld en alle ernstige gevalle is deur dokters behandel. Sterfgevallen in Mei 1901 was 41, terwyl in Junie 27 persone beswyk het. By die plaaslike hulpverlening was in Junie 1901 22 Blankes en 15 Swartes betrokke<sup>2 2</sup>.

In 'n ander opgaaf oor Junie 1901 is die aantal persone wat deur die G.R.C. te Pretoria bygestaan is, soos volg ingedeel: Mans 258; vrouens 1 204; kinders 1 877; totaal 3 339<sup>2 3</sup>.

In Julie 1901 was die weeklikse gemiddelde 2 904, terwyl daaglikse gemiddeld rantsoene vir 312 volwassenes en 255 kinders na die **Rest Camp** gestuur is. Verder is vermeld dat daar weer persone was wat hulle aan hulpverlening onttrek het om te voorkom dat hulle na burgerkampe gestuur word, terwyl 'n paar hulpbehoewendes werk gekry het en vir hulself kon sorg. 'n Paar gesinne is na kampe gestuur, terwyl die sterfte onder ontvangers van hulp in die stad 22 oor die maand Julie 1901 bedra het<sup>2 4</sup>.

Tussen 1 en 31.7.1901 is aan volwassenes 49 467 en aan kinders 58 207 rantsoene uitgereik. Ook is mediese geriewe en klere verstrekkend en lone aan kampbewoners betaal. Die totale onkoste in verband met die hulpverlening was ruim £2 006 en die koste om een persoon te versorg het – met insluiting van administrasiekoste – byne 4½ d per dag bedra<sup>2 5</sup>. In Augustus 1901 het 'n verdere vermindering van hulpsoekendes gevolg, nl. 181 gesinne, bestaande uit 60 mans, 268 vrouens en 726 kinders. Van hierdie gesinne het 13, bestaande uit 1 man, 20 vrouens en 35 kinders, na kampe verhuis. Dan was daar 168 gesinne (698 persone) wat vir onvermelde redes nie meer hulp verkry het nie. As gevolg van hierdie vermindering van hulpbehoewendes kon tot 'n mate van personeelvermindering oorgegaan word<sup>2 6</sup>. Volgens 'n tabel van 31.8.1901 het op dié datum 157 mans, 725 vrouens en 1 118 kinders (totaal: 2 000) hulp van die G.R.C. te Pretoria ontvang<sup>2 7</sup>. In September 1901 was daar 'n verdere daling deurdat 24 gesinne, bestaande uit 5 mans, 36 vrouens en 71 kinders, na kampe gestuur is, terwyl 32 gesinne (4 mans, 43 vrouens en 71 kinders) te kenne gegee het dat hulle selfonderhoudend was. Dan is die hulp aan 19 gesinne (10 mans, 5 vrouens, 13 kinders) verminder. In totaal het 25 gesinne op grond van bestaande of nuwe aansoeke vir hulpverlening

in aanmerking gekom. 'n Verdere personeelvermindering van die G.R.C. het gevolg. Die aantal sterfgevälle onder ondersteundes in die stad was 17 (Augustus 1901: 15), terwyl vleisverskaffing deur die **Cold Storage Company** gestaak is (5.9.1901). Daarna is reëlings getref om gebuite vee te slag. Op 30.9.1901 het 160 mans, 663 vrouens en 1 010 kinders (totaal: 1 833 persone) onder die sorg van die Pretoriase G.R.C. geval<sup>2 a</sup>.

## 9. Die vleisposisie. Eerste verslag oor die kamp by Van der Hovensdrif en sluiting op 31.1.1902

Oor die gehalte van die vleis wat aan slagters deur die Direkteur van Voorrade verstrek is, het in September 1901 'n groot mate van ontevredenheid ontstaan. Dit het die Pretoriase slagters laat besluit om 'n petisie aan Sir Alfred Milner te stuur, waarin o.m. verklaar is:

“This stock ..... is in such a poor condition, and the meat of such an inferior quality that it is almost unsaleable, and would be altogether so if it were not that the public can obtain no other meat, and your memorialists believe that it must be injurious to health, as it is so to speak unfit for food. And owing to the outbreak of rinderpest in our midst an additional source of danger to the health of the public has been added in the use of the meat thus locally supplied.”<sup>2 a</sup>

Verder het die slagters oor die hoë pryse gekla wat hulle vir dié vleis moes betaal en gevra dat bevroe vleis van die kus ingevoer word. Volgens hulle sou 'n twintigtal trokke koelkamervleis per week voldoende wees. 'n Paar weke daarna het die militêre goewerneur van Pretoria geantwoord dat 'n ongenoemde hoeveelheid vleis aan Pretoria toegewys was<sup>3 o</sup>.

Uit hierdie petisie van die slagters kan o.i. afgelei word dat die vleis wat die behoeftiges en die bewoners van die kamp te Van der Hovensdrif ontvang het, ook aanleiding tot klagtes gegee het.

Aangaande hierdie kamp wat ook onder die sorg van die Pretoriase G.R.C. geval het, het sekretaris J. Souter op 30.9.1901 gerapporteer dat die kamp-personeel uit 'n opsigter, 'n assistent en 'n rantsouenitdeler bestaan het<sup>3 1</sup>. Die kamp is onder toesig van laasgenoemde skoongehou terwyl die stadsraad vir die verwydering van vullis e.d.m. gesorg het. Daar was 2 latrines, terwyl ander in aanbou was. Rantsouene is weekliks volgens 'n kaartstelsel en ooreenkomstig die bestaande skaal gerantsoeneer. Daar was 'n markeetent wat as 'n hospitaal ingerig was en 'n kombuis met kookgerei. Eers was verpleegster Van Smallen van Irene in bevel, maar sy is ontslaan en deur verpleegsters A. de Villiers en mev. Steemans vervang. Mev. Carinus was aan die hoof van die sokombuis en vleis is gewoonlik deur die **Benevolent Society** verstrek en soms ook deur die G.R.C. wat ook hout, steenkool, gort, rys, hawermout e.d.m. verskaf het. Dan is 'n tweekamerige gebou, terwyl warm water in die kamp beskikbaar was. 'n Sinkgebou is as 'n bēreplek opgerig. Op 27.8.1901 was die kampbevolking 511. Daarna het 348 persone aangekom en is 674 na ander kampe deurgestuur, sodat die kampbevolking op 30.9.1901 185 persone was. In September was daar 7 sterfgevälle.



'n Sekere dr. Wilson het as kampdokter opgetree en in die kamp was 'n ap- teek aanwesig. Tentbesoeke was daaglik gereël en van tyd tot tyd het die dokter die tente geïnspekteer.

In Desember 1901 het die afname in verband met die voorsiening van bystand aan hulpbehoewendes en personeel verder voortgegaan. Op 7.12.1901 was daar nog 333 gesinne, bestaande uit 117 mans, 468 vrouens en 728 kinders wat in die stad en in die kamp versorg is. Op 31.12.1901 was die toestand soos volg: Gesinne 50; mans 18; vrouens 38; kinders 71. In dié betrokke maand was M.K. Willis sekretaris van die G.R.C. te Pretoria. Hy is bygestaan deur kwartiermeester Juby, magasynmeester Van der Merwe, klerk Early, en 'n aantal ongenoemde personeellede<sup>32</sup>. In dieselfde maand was daar slegs een sterfgeval te betreur, terwyl 15 persone na burgerkampe oorgeplaas is en 69 persone verkies het om nie meer rantsoene te ontvang nie. In Januarie 1902 het die aantal versorgdes van 1 111 tot 1 243 toegeneem en was die maand se gemiddelde 1 207. Op 25.2.1902 is in 'n gekombineerde verslag oor die maande Januarie en Februarie verklaar dat daar teen die einde van Januarie besluit is om die kamp by Van der Hovensdrif te sluit omdat die aantal persone wat deur kolonnes na Pretoria gestuur is, tot 'n minimum gedaal het<sup>33</sup>. Nadat besluit is om 'n aantal "undesirables" na kampe in Natal en ander na kampe in hulle distrikte van herkoms te stuur, is die Van der Hovensdrif-kamp op 31.1.1902 gesluit. In totaal is 67 persone na die burgerkamp te Irene, 68 na Natalse en 13 na ander kampe gestuur. Op 31.1.1901 is die kamppersoneel, bestaande uit mnre. Stucki (opsigter), Stork (klerk), mev. Bolton (hospitaalmatrone), verpleegsters Moyes en Radlof, vyf Swartse en die kampwag onder kpl. Campbell na die **National Scout**-kamp, Meintjeskop, Pretoria, oorgeplaas. Maj. Lloyd het op 2.2.1902 alle kamptoerusting in die ontruimde kamp oorgeneem en die G.R.C. van die verantwoordelikheid onthef om die bewoners van die **National Scouts**-kamp van rantsoene te voorsien. Gesinne van **National Scouts** wat in die dorp gewoon het, het onder die sorg van die G.R.C. gebly<sup>34</sup>.

## 10. Besonderhede oor die tydperk Februarie – Julie 1902

In Februarie 1902 het die G.R.C. te Pretoria 'n nuwe taak begin aanpak, nl. om Britse vlugtelingte wat in stede aan die kus gewoon en begin terugkeer het, tydelik rantsoene te verleen. Dan is daar nog 'n ongenoemde aantal gesinne wat volgens sekretaris Willis nie op bystand geregtig was nie, uit Pretoria verwyder en na die burgerkamp te Irene gestuur.

In Maart is 'n lys van persone wat deur die G.R.C. onderhou is en in diens van die stadsraad was, opgestel. Die mans wat onder hierdie groep geval het, het geen bystand ontvang nie. Wel was dit die geval met kinders of siek en bejaarde familieledes. Van die te werk gestelde mans was 'n groot aantal eienaars van burgerregerwe en onderstand is verder verstrek aan gesinne waarvan die gesinshoof te oud of medies nie in staat was om in sy onderhoud te voorsien nie. In dergelike gevalle was die ondersteuning per volwassene 6/- per week, vir 'n egpaar 12/- per week en vir elke kind onder drie jaar 3/- per week. In totaal het ruim sewentig gesinne vir hierdie vorm van bystand in aanmerking gekom<sup>35</sup>. In dieselfde maand is ondersteuning in

totaal aan 110 mans, 445 vrouens en 695 kinders te Pretoria verstrekk. 'n Maand later was die totaal 899<sup>36</sup>.

In April 1902 het H.W. Congreve vir mnr. Willis as sekretaris van die G.R.C. opgevolg. Uit sy verslag blyk dat in dié maand 108 persone, onder wie 11 **National Scouts**, na kampe gestuur is. In die burgerkamp te Irene is 87 persone opgeneem<sup>37</sup>.

In Mei het die G.R.C. se personeel te Pretoria bestaan uit: H.W. Congreve (sekretaris), sers. Juby (kwartiermeester), S.G. Robinson en F.W. Stork (klerke), Mitchey (slagter) en uitdelers Esterhuizen en Eckard<sup>38</sup>. Sekretaris Congreve het in sy verslag melding gemaak van 'n groot aantal versoeke om hulp, maar dat slegs 'n klein aantal applikante kon bewys dat hulle beter te Pretoria as in 'n burgerkamp gehelp kon word. 'n Aantal persone was selfonderhoudend, terwyl 133 na die kamp in Irene vertrek het. Die sekretaris was van mening dat meer druk op applikante vir ondersteuning uitgeoefen moes word deur hulle voor die keuse te stel om kamp toe te gaan. Dan sou die aantal aanvraers aanmerklik verminder. Op 1.6.1902 het 82 mans, 316 vrouens en 483 kinders (totaal: 881) nog ondersteuning van die Pretoriase G.R.C. ontvang<sup>39</sup>. In sy verslag oor Julie 1902 het die sekretaris van die Pretoriase G.R.C. na 862 ondersteundes verwys en tewens nadruk gelê op 'n nuwe taak wat op die komitee se skouers begin rus het, nl. die rantsoenering van burgers wat na die vredesluiting uit die veld terugkeer en op pad na hulle plase was. Hulle is van rantsoene voorsien. Tussen 12 en 30.6.1902 is 1 919 volwassenes en 549 kinders op dié wyse gehelp, terwyl 220 persone of gesinne met rantsoene na hulle plase vertrek het. Verder is klere en komberse uitgedeel, terwyl — namens die repatriasiekommis-sie — tente aan huiswaartskerendes verstrekk is. Dan was daar burgers wat familieledere in kampe in Natal en elders gehad het wat spoorwegpasse benodig het, terwyl kampbewoners na ander kampe oorgeplaas is om by hulle gesinslede te kom. Hierdie werksaamhede het die gewone hulpverlening waar-omtrent geen gegewens genoem is nie, heeltemal oorskadu<sup>40</sup>.

In die laaste beskikbare verslag van sekretaris Congreve oor Julie 1902 het hy melding gemaak van die feit dat weekliks nog gemiddeld 783 persone bygestaan is in vergelyking met 868 in Junie en 1 059 in Mei 1902. In die loop van Julie 1902 het die werksaamhede wat in Junie grootskaalse afmetings aangeneem het weens vertrek van burgers na hul plase of na kampe om hulle gesinne te vind, aanmerklik afgeneem. Hy het tewens in die vooruitsig gestel dat die werksaamhede van die G.R.C. deur die Repatriasie-afdeling oorgeneem sou word en op grond daarvan sy verslag beknop gehou.

## SLOT

In hierdie oorsig is kortliks, en op grond van beskikbare dokumentasie, besonderhede meegedeel in verband met die pogings wat tydens die Britse besettingstydperk gedurende die Tweede Vryheidsoorlog aangewend is om bystand aan behoeftiges in Pretoria te verleen. Ook is duidelik dat persone te werk gestel is en ander vir verskillende redes na burgerkampe oorgeplaas is. Tot die begin van 1902 was die Pretoriase G.R.C. ook belas met die bevoorrading van kampe binne die stedelike gebied, nl. eers die **Rest Camp**, en later die kamp by Van der Hovensdrif. Organisasories is die bystandver-

lening in die loop van die tyd van die Direkteur van Voorrade na die Burgerkampe se departement oorgeplaas. Die kantore van hierdie departement was in die huidige Hooggeregshofgebou, Kerkplein, gevestig<sup>4</sup>. Na die vrede het die G.R.C. 'n aansienlike hoeveelheid werk versit in verband met terugkerende burgers wat òf op pad na hulle plase was òf hulle naaste verwante in burgerkampe wou opspoor. Ten slotte kan opgemerk word dat Johannesburg oor 'n soortgelyke organisasie beskik het. Ongetwyfeld sal die reaksie van *Pretoriana* verdere aanvullende gegewens oor hierdie onderwerp verwelkom.

### Aantekeninge

1. Transvaalse Argiefbewaarpark (T.A.B.), S.P. Engelbrecht-versameling 37, gedrukte lys "Government Relief Committee" (G.R.C.), ongedateer.
2. *Ibid.*, "Pretoria Relief Committee - Pretoria Benevolent Society", 25.10.1900.
3. Buys, t.a.p., p. 199.
4. T.A.B., S.P. Engelbrecht-versameling 37, Voorsitter G.R.C. – Kapt. Puckle, 29.10.1900.
5. *Government Gazette*, 29.8.1900. Die voorsitter het na Europa vertrek en is met ingang van 1.8.1900 deur lt.-kol. P.E. Hobbs opgevolg (*Government Gazette (G.G.)* 1.8.1900).
6. T.A.B., S.P. Engelbrecht-versameling 37, Voorsitter G.R.C. – Kapt. Puckle, 29.10.1900.
7. *Ibid.*, Die gegewens sluit met onderskeidelik 610 en 2 440 op 27.10.1900 af.
8. *Ibid.*, Secretary G.R.C. – Maj. Th. Armstrong, 20.11.1900; Minutes meeting, 24.12.1900.
9. *Ibid.*, W.E. Hollard – Director of Supplies, 12.1.1901.
10. *Government Gazette*, 26.9.1900. Government Notice No. 11, 1900. Kyk ook *G.G.*, 29.8.1900 (Kol. E.W.D. Ward).
11. FK 1921, Aantekening Kol. E.W.D. Ward, 1.7.1900.
12. *Government Gazette*, 21.11.1900, Government Notice No. 134, 1900.
13. T.A.B., S.P. Engelbrecht-versameling 37, *Rules for Registration*, 25.10.1900. Pretoria Relief Committee – Pretoria Benevolent Society, 25.10.1900.
14. *Government Gazette*, 24.12.1900, Government Notice No. 130, 1900. Aankondiging van 2.11.1900 deur genl.-maj. J.G. Maxwell.
15. Cd 819, teenoor pp. 175-176.
16. T.A.B., PM01, PM87, Military Governor – Provost Marshal, 22.4.1901.
17. *Ibid.*, MGP220, Military Governor – Adv. W.E. Hollard, 22.4.1901.
18. T.A.B., FK 1799, waarin die genoemde kennisgewing.
19. T.A.B., FK 1201, Milner Papers 112, Annual Report General Superintendent W.K. Tucker, 22.2.1902.
20. *Ibid.*, FK 1799, Fred Lance & T.G. Ligertwood – Chairman Pretoria Government Relief Committee, 14.6.1901.
21. Cd 819, Government Relief Committee – Burgher Camps Department, verslag oor Junie 1901, pp. 180-181; Cd 853, pp. 46-47.

22. Cd 819, pp. 180-181. Ongedateerde verslag oor Junie 1901.
23. *Ibid.*, p.114.
24. *Ibid.*, p.337.
25. *Ibid.*, p.309.
26. *Ibid.*, p.338, Report for August 1901 (Fred Lance), 19.9.1901.
27. *Ibid.*, p.311.
28. Cd 853, pp. 34, 45, 46.
29. T.A.B., MGP 123, Niemeyer and Marais – Baron Milner, 1.10.1901.
30. Assistant to Military Governor – Niemeyer and Marais, 21.10.1901.
31. Cd 853, p. 46.
32. T.A.B., FK 610, CO11417, Report for the month of December 1901.
33. *Ibid.*, Return for the month of January 1902.
34. T.A.B., FK 613, CO14337, Monthly report for January and February, 25.2.1902.
35. T.A.B., MGP158, MGP5590/02, Government Relief Committee – Acting Military Governor, 25.3.1902.
36. Cd 942, p. 3; Cd 1161, p. 3.
37. T.A.B., FK 620, CO23939, Report for the month of April 1902.
38. T.A.B., FK 625, CO30720, Monthly report May 1902.
39. Cd 1553, p. 11.
40. T.A.B., General Report for the month of June 1902 (toentertyd ongesorteer).
41. T.A.B., FK 970, CO394421, Secretary's Monthly Report July 1902, 31.7.1902.

## THE HISTORY OF THE HARTEBESPOORT OBSERVATORY AND ITS TELESCOPES

by J. Wolterbeek

At present the Hartebeespoort Observatory contains one twin astrocamera called Rockefeller and one double astrocamera called Franklin-Adams. This means: the 2 Rockefeller cameras are identical to each other; the 2 Franklin-Adams cameras are not. They are both named after respective sponsors who donated money for their construction.

**The Rockefeller** (photograph 5) is composed of 4 parallel tubes, namely 2 thick tubes (which are the identical twin cameras), a thinner but longer guider tube (see center of photograph) and a finder (the thinnest and shortest tube). The finder is a visual telescope to assist the observer in finding those stars that must be photographed. The guider is also a parallel telescope. It is there to enable the observer, while the sky rotates, to keep the cameras all the time precisely pointed at his desired stars, during the exposure, which may easily last 30 minutes. (This does not imply that the observer must move the telescopes manually during the exposure; an electric engine does that, but sometimes a fine adjustment must be made by him).

